



JOU GELDSAKE

19 September 2009

JAAR NÁ LEHMAN SE BANKROTSKAP EN DIE JSE KLÍM

Hierdie is die week waarin ons die ondergang van Lehman Brothers 'n jaar gelede in herinnering roep.

Dit was 'n tyd van 'n grootskaalse krisis in die wêreld ekonomie. Daar word gesê as daar nóg so 'n fout deur 'n regering of 'n sentrale bank begaan is, sou die wêreld in 'n depressie beland het. (Daar word nou erken dat dit 'n fout was om Lehman te laat ondergaan.)

Maar waar staan ons nou 'n jaar later?

Ons het sedert Maart vanjaar al begin verwys na die groen lote wat op 'n herstel in die wêreld ekonomie dui. Die koperprys het begin styg, China se aandelebeurs het skerp herstel en rentekoerse in die korporatiewe mark het begin normaliseer.

Dit het egter nie verhinder dat die nuusvloei steeds uitermate negatief gebly het nie. Daar was en word steeds veel gewag gemaak van werkloosheid en ander stukkie slegte ekonomiese nuus. Huispryse daal steeds, maar lyk tog of hulle wil begin stabiliseer.

In die tussentyd styg markte teen die negatiewe nuus in.

Wat my wel optimisties laat voel, is die ISM-syfers, wat 'n aanduiding is van aankopebestuurders in die ekonomie wat begin beter voel oor ekonomiese vooruitsigte. Van die VSA tot China het hierdie syfers tot bo 50 beweeg wat op uitbreidende ekonomiese toestande dui.

Suid-Afrika is een van die min lande waar die syfer nog ver onder die 50 punt-vlak is en dus op 'n krimpende ekonomie dui. Derhalwe is die verrassingspakket in hierdie opsig die sterk vertoning van die rand. Geld vloei steeds Suid-Afrika binne en dit in 'n omgewing waar inflasie op verbruikersvlak hardnekkig hoog bly.

Inflasie word hoog gehou weens geadmistreerde pryse wat skerp styg en salarisverhogings wat heeltemal uit voeling is met die werklikheid van 'n swak ekonomie. Dit kan die einste salaristrekkers wat so graag staak, op lang termyn duur te staan kom.

Maar ondanks die verbruikersprysindeks (VPI) wat so hoog bly, kan rentekoerse weer daal. Die sterk rand en ons verbeterde handelsbalans is dalk net die regte doepa om die monetêrebeleidskomitee so ver te kry om koerse te sny. Die petrolprys kan ook volgende maand skerp daal en help om die VPI af te kry.

Intussen het die JSE in navolging van internasionale beurse die afgelope ses maande skerp gestyg en word daar allerweë verwag dat die mark reg is vir 'n regstelling. Die feit is egter dat die JSE nou ingevolge sy historiese dividendopbrengs reg geprys is en dat 'n verdere rentekoersverlaging die aantreklikheid van die beurs as 'n alternatiewe bateklas verder sal verhoog.

- Dawie Klopper is 'n beleggingsekonoom by PSG Konsult.